Die veerkragtigheid van die regverdige

Teks: Spreuke 24: 1 - 24
Teksvers: Spreuke 24: 16

1. Inleiding

Pasop hierdie eiendom word beskerm deur sekuriteitsmaatskappy X. En dan eintlik implisiet gaan probeer eerder langsaam inbreuk. Ken ons nie hierdie boordjies op ons huise nie? Ons is dan in ’n wêreld waar gewapende reaksie al amper ’n noodsaaklikheid geword het. Wanneer ons dan vanoggend na ons teksvers kyk sien ons ook hierdie boodskap. Eintlik maar in vers 15 wat ons teksvers vooraf gaan. Laat ons verduidelik..

In vers 15 van ons teksgedeelte word mense gewaarsku om nie boosaardige planne teen die regverdige te smee nie. En dan in ons teksvers vers 16 word die rede verskaf. Die regverdige sal altyd weer uit die ellende opstaan, maar die goddelose daarenteen vergaan in die ramp en ellende. Met ander woorde ’n bose plan teen die regverdige sal nie seëvier nie, moenie probeer nie wat jy sal dalk aan die korste end trek.

Dit is nie vandag ’n baie gewilde boodskap uit die Woord nie. Nee, in ons era met die fokus op die mens en sy voorspoed wil ons iets anders hoor. Ons wil nie hoor wanneer die regverdige ook val nie, ons wil eerder hoor die regverdige sal nie val. Hy/sy sal net voorspoed en guns beleef solank hulle lewe. Tog juis midde baie omstandighede waarin ons ook vandag lewe, weet ons dit is nie waar nie. Ons sien mos daagliks hoe goeie regverdige mense ook lei. Dikwels aan die hand van die onregverdige en sy bose dade.

Tog is die hoop vir die regverdige in dit wat ons vandag beleef, onuitspreeklik groot. Maar is ons werklik deel van die regverdiges?

2. Regverdiging deur die geloof alleen.

In die Ou testament lees ons dikwels van die Regverdige. Ook in ons teksgedeelte vandag, en veral ons teksverse sien ons die kontras tussen die regverdige en goddelose. Om regverdig te wees is iets wat die ou Israeliet nagestreef het. En dit kom nie sommer van die kulture en gebruike rondom hulle nie. Dit kom direk van die Here en Sy bepalings af. ’n Regverdige man is gesien as ’n opregte gelowige wat die al bepalings en gebooie van die Here onderhou. Iemand vir wie die eer van die Here en die waarheid wat uit dit volg, die grootste prioriteit in sy/haar lewe het.

Tog kan ons ’n mens nie help om in selfondersoek te wonder of ek so ’n regverdige persoon is nie? Is die eer van die Here en die waarheid wat daaruit volg die belangrikste sake wat nagestreef word in my eie lewe? Die eerlike antwoord is natuurlik: Nee. Want van nature is ons geneig om God en ons naaste te haat. En daarom wonder ’n mens maklik of hierdie belofte van beskerming in moeilike tye dan ons toekom.

Tog moet ons mooi luister na wat nou net gesê is, van nature. Van nature is ons nie regverdige mense nie. Maar ons is nie meer vandag mense wat net uit ons sondige natuur leef nie. Nee ons is wedergebore gelowiges wat uit die geloof lewe. Ons is die mense wat in Romeine 5:1 beskryf word: “OMDAT ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus” Ons is vandag regverdige mense, omdat ons regverdig gemaak is deur ons Here Jesus Christus.

Ons is regverdig deur die geloof alleen. Maar omdat ons dan regverdig is, is ons aan die wenkant van ons teksgedeelte. Ons is nie meer die bose wat lê en loer op die regverdige se woning nie. Ons is die regverdige wat binne die woning beskerm word.

3. Nooit verder as die Almagtige hande nie

Die waarheid is dat ons Almagtige Vader die skepper en onderhouer van die heelal is. En dat daar self nie eers ’n haar van ons kop sal val sonder Sy wil nie, volgens Matteus 10:30. Prakties werk dit soos wat Job 1 al aan ons openbaar. Ons lees in Job 1:12 “[12]Daarop sê die Here aan die Satan: Kyk, alles wat hy het,

is in jou hand; net na homself mag jy jou hand nie uitsteek nie. En die Satan het weggegaan van die aangesig van die Here". Die bose kan dus niks meer doen as wat hy teogelaat word nie.

En dit is eerste troos wat na ons kom vanoggend. Ons behoort aan die hemelse Vader en Hy sal sy eiendom beskerm en bewaar teen die bose. Dit is eintlik ook juis die hart van die evangelie. Ons sonde het 'n skeiding in hierdie verhouding met die Here gebring. Ons was ver van die Here af. Maar God kies ons, sonder enige verdienste van ons kant uit. En dan kom red Hy ons deur die liggaam en bloed van Sy eniggebore Seun aan die kruis. Hierdie volmaakte offer bring grense aan wat die bose nie kan oortree nie.

Dit word vir ons so mooi saamgevat in die bekende Romeine 8: 35: "[35]Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard?" en vers 38 & 39. [38]Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte [39]of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

Ons as gelowiges is dus altyd veilig in die hande van die Here. En ons kan nooit daaruit val nie. Met ander woorde, selfs al val ons hoe ver in hierdie lewe, is dit nog nie verder as die hande van die almagtige Vader nie.

4. Aanhoudende opstaan

Maar die verdere hoop in dit wat vandag aan ons geopenbaar word deur die Woord van die Here, is die opstaan. Ons hoef nie eenvoudig te bly lê in die genade van die Here wanneer ons ook geval het nie. Nee, die genade van die Here is nie net-net genoeg om ons maar aan die lewe te hou nadat ons geval het nie. Dit is meer as hart- en asemhalings-masjinerie in die hospitaal. Dit is ook die krag om juis te kan opstaan.

Psalm 37:24 onderstreep hierdie waarheid in ons teksvers so mooi: "[24]As so iemand val, bly hy nie lê nie, want die Here help hom op." En dit is hierdie woorde wat alles verander. Ons hoef nie maar as verloste mense op die drumpel van die bose te bly nie. Nee ons word tot meer gered. Ons word tot die nuwe lewe in Christus gered. 'n Lewe waarin ons aktief die eer en verheerliking van die Here kan soek en uitleef. 'n Lewe waarin ons prakties die Here kan eer en verheerlik in dit wat ons doen.

En dit is hierdie troos wat ons teksvers ook aan die begin van 'n nuwejaar vir ons bring. Die skerp boodskap aan die bose. Moenie eers probeer om die regverdige swaar te laat kry nie, want hy sal beter en groter opstaan. Natuurlik dink die bose nie veel van die wysheid van Salomo nie, baie soos die wêreld vandag ons as kerk verag. Maar soos ons gesien het, is die bose nie eenvoudig vry om maar te doen wat hy wil nie. Hy is reeds oorwin in Christus. En deur die werking van die Heilige Gees deel ons in hierdie oorwinning.

In hierdie genade kan ons die gelowige beskryf as veerkragtig. Hy/sy is soos daardie bokser wat platgeslaan word, maar altyd weer opstaan. Of die plant wat al die blare en vrugte verloor, maar tog weer uitloop en nuwe lewe bring. Die veerkragtigheid wat ons in die geloof in die Here vind, veroorsaak dat niks hier op aarde ons heeltemal onder kan kry nie. Kom ons gaan leef weer vanuit hierdie veerkragtigheid in 2024.

5. Slot

Ons kan afsluit met 'n laaste toepassing van ons boodskap vandag. Miskien het die jaar vir u nie so goed begin nie. Daar is verskeie worstelinge waarmee ons almal saam moet leef. Dikwels ken ons nie eers die beproewinge van ons broers en susters nie. Maar uit ons teksgedeelte vanoggend weet ons dat hierdie beproewinge ook sal verby gaan. Die regverdige sal altyd weer opstaan. Soos ons gesê het, is die boodskap uit ons teksgedeelte dat die boosdoener eintlik nie eers sy tyd moet mors op die regverdige nie.

Tog weet ons dat ook die regverdiges steeds vandag nog ly onder die hand van die bose. Maar selfs in hierdie donker diepste nag, is dagbreek aan die kom. Die genade van die Here sal in elke situasie duidelik deurskyn soos sonstrale in die more. En daarom kan ons mekaar vanoggend bemoedig met hierdie boodskap.

Die laaste punt gaan oor die publieke uitleef van hierdie blye boodskap. Is ons elke dag besig om in die beeld aan die begin van die preek, boordjies op te sit. Is ek openlik oor my geloof, die genade alleen waarin ek alles ontvang wat ek het. Die genade alleen waarin 'n vermoëns het om te kan aanpak wat ek doen. Of is ons in 'n wêreld wat voortdurend

vir die mens self erkenning en verering soek, besig om die eer wat die Here toekom vir ons self te neem.

Kom ons sit vandag weer die bekende bordjie terug op ons huise: “Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien.”

Amen